

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968

www.onskontrei.co.za

30 JANUARIE 2026 - JAARGANG 58-1710

R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074

E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND
28 Januarie 2026 - 48.66%
28 Januarie 2025 - 70.90%
Reënval vir die week:
Geen

MBD Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Vredendal-Suid begraafplaas gesluit



Die nuwe gedeelte van Vredendal-Suid begraafplaas. Lees die volledige berig op bl 3.
Foto: Annemarie Munnik.

Lees binne:

Man
verdwyn in
rivier
bl 2

Vertraging
van
projek
bl 3

Leerder by
seremonie
vereer
bl 8

Weervoorspelling vir die week
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
MBD Begrafnisdienste
Vredendal

Don. 29/01 15°/36°	Vry. 30/01 15°/31°	Sat. 31/01 16°/33°	Son. 01/02 15°/34°
Ma. 02/02 18°/35°	Di. 03/02 14°/31°	Wo. 04/02 12°/29°	Inligting verkry vanaf AccuWeather 28 Jan. 2026

**PROTEA
DRUKKERY**

Ons ontwerp & druk boeke
Centralstraat, Vredendal
Tel: 027 213 2074
E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

Self-deurslagpapier
Kwaliteit drukwerk
Betroubare diens

AKTUELE NUUS

Man verdwyn onder water

Berig: Annemarie Munnik

CLANWILLIAM: Die liggaam van Patrick Swartz (38) is Sondag om 18:20 uit die rivier naby die begraafplaas in Clanwilliam gehaal waar hy verdrink het. Volgens die SAPD het Swartz en sy meisie hout uit die rivier gaan haal by Vrede-oord Begraafplaas. Daar het 'n rusie tussen hul ontstaan. Na bewering het Swartz 'n pyn in sy bors gekry en is daarna in die water in. Hy het nie weer

uitgekom nie.

Sy meisie het alarm gemaak en persone wat in die begraafplaas was het die nooddienste gekontak. Swartz se liggaam is na Vredendal geneem. Die nadoodse ondersoek het Dinsdag, 27 Januarie plaasgevind. Die oorsaak van die dood is teen druktijd nog nie bekend nie. Geen gemene spel word vermoed nie.

Riool bly kommer in Papendorp

Berig: Annemarie Munnik

PAPENDORP: Na aanleiding van die berig; Riool, gesondheids- en omgewingsrisiko in die uitgawe van 23 Januarie het Matzikama Munisipaliteit se tegniese afdeling as volg reageer.

"Die bestaande rioolfasiliteit in Papendorp gaan nie verskuif word nie, maar sal opgegradeer word vanaf 'n suigtenk na 'n pompstasie. Geen spesifieke datum kan tans bevestig word wanneer dit voltooi sal wees nie, maar die projek word beoog om voor Junie 2026 te begin. Na voltooiing sal riool na 'n nuwe rioolwerke net buite

Papendorp gepomp word.

Die huidige riooltenk is 'n soliede, waterdigte betonstruktuur wat reeds in 2015/2016 suksesvol vergroot is.

Die tenk word gemiddeld ongeveer twee keer per week leeg getrek deur riool-trokke. Alhoewel daar onlangs uitdagings was met die beskikbaarheid van riool-trokke, is die area daarna behandel en die probleem is intussen opgelos en die leegmaak vind tans plaas soos benodig wanneer die tenk vol raak."



Vrywilligers dip een van die honde.

Uitreik 'n reuse sukses

Berig: Annemarie Munnik

Foto: Verskaf

DORINGBAAI: Troeteldiereienaars het Maandag, 26 Januarie hul katte of honde na die Hawesaal geneem tydens die Angel Project se uitreik.

Janine Storman-van Zyl noem dit was 'n reuse sukses. Erika Weeks, 'n vrywilliger het Storman-van Zyl gehelp om die dag te koördineer en te bestuur.

Vrywilligers het die diere gedip en ontworm en ander behandeling toegedien. Daar is ook aan die diere halsbande en waterhouers uitgedeel. Elke volwasse hond het huis toe gegaan met 2 kg kos en bederfies en die hondjies en katjies met 1 kg kos elk. Sy sê later die middag het hulle deur die gemeenskap gegaan, ingeval hulle 'n paar diere wat veeartsenykundige sorg benodig of gedip en ontworm moes word, gemis het.

Die Angel Project bedank graag Vredendal Dierehospitaal vir die studentveearts, wat 'n groot verskil aan die hele uitreikdag gemaak het.

Matzikama Wetstoepassingsbeamptes wat die Angel Project se aankoms oor

luidsprekers aangekondig het en gehelp het met die dipwerk. Storman-van Zyl sê dit was wonderlik om soveel beamptes te hê wat by die gemeenskap betrokke is. Die maatskaplike werkers, Johanien van den Berg en haar kollega, Shanice Beukes van MADA het ook gehelp.

Dan het Sonja van den Berg, Rene Boo-me, Amori Snyders en Rochelle Louw ook gehelp. Die dames het ook skenkings van komberse en dierekos saamgeneem. Storman-van Zyl bedank ook vir Michael en Didier wat so graag help.

Louisa Burnett van Matzikama Animal Care & Welfare NPC het kolwyntjies voorsien

Peter en Michelle Slott-Nielsen het gesorg vir ys, komberse en handdoeke en dipbakke geleen. Hul dogter, Janine het dit gereël.

Storman-van Zyl sê hulle beplan om oor drie maande weer uit te reik na die gemeenskap. Sy sê sonder die publiek se hulp en bydrae sou die dag nie moontlik gewees het nie.

Man sterf na messteek

Berig: Annemarie Munnik

Foto: Verskaf

VREDENDAL: 'n Mosambiekse burger, is Saterdag, 24 Januarie omstreeks 19:40 vermoor. Die voorval het in Mangaung in Vredendal-Noord plaasgevind.

'n Vier en sestigjarige huiseienaar wat gestremd is in sy een arm, het sy hekkie gesluit en besluit om te gaan lê. Die Mosambieker het oor die hek gespring, na bewering om van 'n ander voorval te vlug.

Vredendal SAPD noem dat die huiseienaar die man in Afrikaans geskel en verjaag het, onwetend dat die man nie Afrikaans verstaan nie. Hy het egter bly staan.

Die eienaar het 'n mes gaan haal en die man in die nek gestee. Hy is op

die toneel oorlede.

Die eienaar het hom met 'n kombers toegegooi en dadelik die SAPD ontbied. Hy is vir moord gearresteer en het bekentenis afgelê.

Hy het Maandag, 27 Januarie in die hof verskyn.

Vredendal SAPD het bevestig dat hy op eie verantwoordelikheid vrygelaat is.



START YOUR OWN BUSINESS

Become an agent selling cleaning chemicals, make 20% commission on sales no start-up money needed. SABS compliant products.

Sell 5 pack combo's of:

- 2lt Dishwash
- 2lt Bleach
- 2lt Pine
- 2lt Fabric Softener
- 1kg Washing Powder

And more brooms, mops and toilet paper available

WhatsApp Celistine on 078 749 1393 between 17:00 pm and 19:00 pm, Monday to Friday to arrange an interview and get your free sample pack to show your customers.

Regstelling: In die uitgawe van 16 Januarie in die berig, *Bevorder na hoër rang*, is daar verkeerdlik berig. Adjudant Jacobus (Stoney) Steenkamp, dit moet Johannes Steenkamp wees.

Farmers Market
at Malkoppa

SAT. 31 JANUARY 2026
10am - 3pm

BACKGROUND MUSIC

Fresh Oysters | Bar | Wine Tasting
Pancakes | Jaffels | Boerewors rolls
Preserves | Pottery | Parka Jackets
Wooden Toys | Fresh Local Produce
Home-Made Bread | Tripe
Jumping Castle & Kids Playground

For more information:
083 370 0400 | malkoppafarm@gmail.com
www.facebook.com/MalkoppaMarket
5km South of Lambert's Bay, opposite Muisboskerm



Stuur jou nuuswenke na:

Matzikama -

082 657 3182 of

edit.onskontreil@gmail.com

Cederberg -

082 926 9934 of maaitjie@brbsales.com



BINGO

MACAW
MATZIKAMA ANIMAL CARE AND WELFARE NPC
2023/563072108
PRO 930095882

Bingo Aand is 3 Februarie 2026
Ons vra asb enige Donasies, Skenkings, Geskenbewyse en geskenke

Capitec Business Bank
Matzikama Animal Care and Welfare NPC
Account no: 1051711096
code: 450105
Business Account

Waffie Smit
082 927 4979

{Februarie}
Clanwilliam Dorpsmark

Saterdag, 07-02-2026
08:00 - 11:00

GROENTE & VRUGTE
VARS GEBAK
BESKUIT, BROOD, PANNEKOEK
WIT OLIFANT
2DE HANDSE KLERE & BOEKE
INGEMAAK

Ondersteun Clanwilliam se entrepreneurs en organisasies
Grasperk langs die Biblioteek

Kom kuier saam!
Bespreek 'n stalletjie:
Iise - 083 328 4575

Vredendal-Suid Begraafplaas gesluit

Berig en foto: Annemarie Munnik

VREDENDAL: Die dag as 'n persoon die tydelike met die ewige verwissel, wil jy nie hê jou geliefdes moet rondskarrel om jou laaste "rusplek" te vind nie. Dit kan dalk nou die geval wees. Matzikama Munisipaliteit het in hul Week-ly Pulse uitgawe van Vrydag, 23 Januarie 'n kennisgewing geplaas rakende Vredendal-Suid begraafplaas. Volgens die kennisgewing is die begraafplaas met onmiddellike effek gesluit tot verdere kennisgewing. Daar sal geen begrafnisdienste of verwante aktiwiteite gedurende die tydperk toegelaat word nie. Dit lui dat dit noodsaaklik is, sodat die munisipaliteit operasionele en administratiewe sake kan hanteer. Verder wil hulle ook alternatiewe ruimte vir 'n begraafplaas skep. Die kennisgewing noem dat Vredendal-Noord Begraafplaas as alternatief gebruik kan word. Daar was 'n vergadering op Maandag, 28 Oktober 2024 tussen belanghebbendes, munisipale bestuur en raadslede rakende die begraafplaas. In die uitgawe van 15 November 2024 word berig: "'n Geskikte plek vir 'n begraafplaas word dringend benodig en ondersoek word tans ingestel. Die publiek kan die munisipaliteit hiermee behulpzaam wees deur persele voor te stel." By Vredendal-Suid begraafplaas lyk dit

op die oog af of die aangrensende gedeelte aan Damstraat en langs die karavaanpark vol is. Ook die gedeelte teen die muur wat grens aan Koöperasiestraat blyk vol te wees. 'n Plaaslike begrafnisondernemer noem hulle het uit die bloute 'n e-pos van die munisipaliteit ontvang. Na bewering is daar tydens die voorbereiding van 'n graf, op bene afgekom. Volgens die ondernemer kan 'n persoon wat reeds 'n bestaande graf in Vredendal-Suid het, dit nog gebruik. As iemand in die tyd van tydelike sluiting nie in Vredendal-Noord begrawe wil word nie, is die alternatief om veras te word of in 'n buurdorp begrawe word. Die ondernemer noem dat verassings en begrafnisse se onkoste baie dieselfde is, maar uitgeboorde grafte is duurder. Matzikama Munisipaliteit het intussen bevestig dat grond geïdentifiseer is in die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) wat in November 2025 deur die raad goedgekeur is. Die betrokke grond is geleë in die omgewing van die skietbaan. Verder noem hul dat daar tans geen spesifieke tydraamwerk gekoppel kan word nie, aangesien die nodige wetgewende prosesse vir die ontwikkeling gevolg moet word. Hulle het ook bevestig dat vooraf betaalde grafte nie geraak word nie. "Vredendal-Noord is tans beskikbaar,

asook begraafplase in ander dorpe binne naaste munisipale kantoor te kontak om Matzikama. Inwoners word versoek om hul reëlings te tref."



Die gedeelte wat aan Dam- en Hospitaalstraat grens.

TRONOX

Tronox brightens people's lives. We are a diverse global workforce that is committed to safe and sustainable business practices that bring value to our shareholders, customers, and business partners. Tronox mines and processes titanium ore, zircon and other minerals, and manufactures titanium dioxide pigments that add brightness and durability to paints, plastics, paper, and other everyday products. We offer an attractive compensation and benefits package that includes competitive salary and incentives, and invest in our greatest assets by creating opportunities for growth and development in a diverse and supportive work environment.

SENIOR E & I TECHNICIAN

Business Unit: Namakwa Sands
Primary Location: SME (Smelters)
Area: Engineering

Position Summary

This position will provide support to the Electrical, Instrumentation & Control (E&I) team and will be responsible for higher level fault finding on E&I equipment, software & plant improvement & capital project support. Development, executing new business improvement ideas and contributing to improvement/problem solving. The ability to function as an effective team member is essential.

Qualification & Experience

- National Diploma Electrical Engineering (T3 or S4) or similar level E&I qualification (NQF level 6)
- 3-5 years operational experience in maintenance within a heavy industry environment.
- Programmable Logic Controllers (PLC's) and SCADA
- Valid code 08 driver's license.
- A recognized Instrumentation or Electrical trade test with an Installation Electrician certification will be an added advantage.
- Certification for Medium or High Voltage switching will be an added advantage.

Knowledge & Skills

- A working knowledge of the OHSact, ISO standards and the principles of Continuous Improvement.
- Working knowledge of Schenk weighing systems, Process Auto, Weightometers and Gas Analysers.
- Working knowledge, Siemens Simocodes motor starters (MCC's), switchgear, VSD's & other auxiliary electrical equipment
- E&I Drawing: Electrical reticulation, drive schematics, Loop drawing, A&B's, D&B's, Field Marshalling, JB's, etc. Sound knowledge of SAP PM.
- Good communication skills.
- The successful candidate should have a sound knowledge of and experience in all aspects of field instrumentation and electrical medium voltage switching.
- Commissioning and fault finding would be further prerequisites.
- Project & Contractor Management, Commissioning and fault finding would be further prerequisites

Key Competencies

- Compliance: Ensure and maintain a healthy environment, safe operations and practices. Comply with SHE and technical requirements, in line with Plant / Asset availability targets. Implement SHE programs and ensure adherence to OHSact. Monitor, identify and respond to defects and / or sub-standard equipment performance and other improvement opportunities.
- Continuous Improvement: Initiate continuous improvement initiatives leading to cost saving opportunities whilst keeping abreast of new developments and technology within the specialist field. Conduct research work in order to initiate process changes. Liaise with other sections; manage small projects and technology to enhance operations.
- Services Efficiency: Assume responsibility for supporting production departments by adhering to production and services maintenance schedules. Attend to schedule breaking activities to maintaining set production targets. Ensure effective water and energy management, the optimal use of physical assets and available resources (both people and equipment).

Job Responsibilities

- The incumbent will be required to do standby and work overtime
- First line instrument and electrical technician support " Execution of the Tronox Routine Work Management Process
- High level faultfinding
- Knowledge of feed systems, weightometers and densitometers
- In-depth experience on flowmeters, pressure and level transmitters.
- Siemens Simocode motor starters & VSD drives installation, commissioning, faultfinding & programming experience together with program backup management.
- LV Electrical reticulation & distribution system including SANS10142-1 compliance support.
- Experience in MV environment will be added advantage (MV reticulation & breakers, transformers, minisub ringfeeder systems, protection relays & systems).
- Plant Maintenance improvement projects & capital project support. (E&I)
- Plant E&I earthing maintenance, integrity & compliance support
- Hazardous areas compliance support
- E&I Inventory spares management support
- Inter departmental team engagement and E&I coaching/knowledge sharing.

Applicants must apply online at <https://tronox.applicantstack.com/x/apply/a22jku1mm44b/aa0>, **to reach us on/before 6 February 2026 at 16:00.** Please ensure that your CV, qualifications, and all required supporting documents are scanned and compiled into one single PDF file before submission. Kindly contact line manager Jannie Reddi on 022 701 3189 should any additional information be required.

Should you not hear from Tronox within weeks (4) weeks of the closing date of the advert, please consider your application as being unsuccessful

Please note that appointments will be made in accordance with Tronox Employment Equity Policy.

Note: A background check will be done on all applicants

Tronox is an equal opportunity / affirmative action employer.

Vertraging van R60 miljoen projek

Berig: Annemarie Munnik

VREDENDAL: 'n Voorgestelde belegging van R60 miljoen in hernubare energie in die Matzikama-area word al vir byna drie jaar vertraag, met ontwikkelaars wat die munisipaliteit van langdurige administratiewe vertragings beskuldig. Zero Carbon Charge sê dat hulle sedert April 2023 probeer om goedkeuring te bekom vir drie laastasies vir elektriese voertuie langs die N7 wat nie aan die kragnetwerk gekoppel is nie. Ten spyte van openbare deelnameprosesse, vergaderings en die indiening van verskeie spesialisverslae, bly die finale besluite uitstaande. Die maatskappy waarsku dat sonder duidelikheid van die munisipaliteit, die belegging wat volgens hulle plaaslike werkgeleenthede sal skep en toerisme en landbou sal ondersteun, elders herlei kan word. "Vir meer as drie jaar word beleggers wat bereid is om in die Matzikamagebied te belê, doelbewus gefrustreer en afgeskrik deur 'n kombinasie van administratiewe traagheid en politieke

onwilligheid. In plaas daarvan om ontwikkeling te fasiliteer, tree amptenare en politieke leiers op as struikelblokke vir groei. Terwyl plattelandse munisipaliteite regoor die land meeding om beleggings, werk Matzikama se eie leierskap aktief teen sy gemeenskap se belange. Die gevolg is dat werksgeleenthede, ekonomiese groei en langtermyn-ontwikkeling doelbewus verdel word - tot die direkte nadeel van die mense wat hierdie munisipaliteit veronderstel is om te dien," aldus Joubert Roux, stigter van Zero Carbon Charge. Ons Kontrei het navrae aan die munisipaliteit gerig. Hulle het as volg reageer: "Die Munisipaliteit het grondgebruikaansoeke in hierdie verband ontvang. Tydens die evaluering van die aansoek is vasgestel dat sekere vereiste dokumente uitstaande is. Hierdie dokumente is aangevra van die aansoeker, maar nog nie deur die munisipaliteit ontvang nie."

SUPER SMALL

NAMAQUA PESKONTROLE

Professionele plaagbeheer waarop jy kan vertrou!

Spuut & beheer van:
Kakkerlakke
muggies, miere,
vlooië
en ander insekte
Betroubaar & doeltreffend.
Skakel
Johnny Laubscher
084 611 3147



Hou jou tuin in goeie toestand, selfs gedurende die water beperkings. Met behulp van 'n Maskam Gryswater Stelsel kan jy al jou gryswater hergebruik vir 'n prag somer tuin.

- Huidige model is in gebruik sedert Januarie 2016
- Ingeboude filter verwyder wolletjies en hare, wat verstopping van sproeiers verhoed
- Gryswater word behandel voor gebruik.



Olive str, Vanrhynsdorp

- GEEN slegte reuke nie.
- 100% tevrede kliënte tot op datum.

Vanrhynsdorp

Tel: 083 305 5233

Epos: hennie@maskam.co.za



BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2026

Stuur gerus 2026 se datums na info.onskontrei1@gmail.com

CLANWILLIAM:

Dorpsmark
Saterdag, 7 Februarie
08:00-11:00

Grasperk langs die biblioteek
Bespreek stalletjies by 083 328 4575

LEIPOLDTVILLE:

Liefdesbasaar
NG Kerk
Saterdag, 7 Februarie
Vir meer inligting skakel
083 225 6536

LUTZVILLE:

Valentynsdans
Lutzville Hotel
Saterdag, 14 Februarie
om 19:00.

Navrae 027 217 1513 / 073 297 8056

VREDENDAL:

Romantic Valentines Dance
Saterdag, 14 Februarie
Vredendal Sportsaal
R350 per persoon
Kontak: 064 916 1293



Save the Date

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei

Ons mense se koerant

UITGEWERS:

Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:

Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
(Cederberg) maaitjie@isales.co.za

GRAFIESE ONTWERPER:

Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:

Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:

027 213 2074
acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Leef in die lig van die Woord

Fokusgedeelte: Psalm 119:105 "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad." (Afrikaanse Vertaling 1953)

Elkeen van ons het sekerlik al in die nag in padverleggings beland. Die onsekerheid, die angs, die besef van gevaar omdat niemand presies seker is waar wie moet ry nie en niemand ordentlik kan sien wat gaan vir wat nie.

So voel ons as gelowiges baie maal op ons lewenspad en duidelik ook die digter van Psalm 119. Oral is daar gevare, van binne en buite. Van binne onsekerheid oor die toekoms van die land en selfs my verhouding met God. Van buite die gevaar van goddeloses wat dit al moeiliker en gevaarliker maak om ons Here vrylik te dien.

Hoe bly ons veilig? Leef in die lig van die Woord! Laat die lig van God se Woord die duisternis binne en buite jou verdryf. Ditervaar ons by uitstek in die verlossingswerk van Jesus die mensgeworde Woord wat deur die Gees in elke gelowige woon. Drie foute maak ons ongelukkig baie maal: Ons leef nie in die lig wat ons het nie. Ons dink die Woord het nie iets te sê vir ons spesifieke omstandighede nie.

Ons wil nie in die lig leef nie! (Seker die mees algemene probleem.) Ons wil die duisternis in en dan is ons vies as ons val en seerkry.

Ons het die lig, maar dit skyn so flou dat ons steeds nie kan sien waar ons gaan nie. Ons ken die Woord so gebrekkig dat ons steeds in situasies beland waar ons nie

weet wat om te doen nie. Die regstelling vir al drie is dieselfde: toewyding en gehoorsaamheid. Ons moet hoor wat God sê en ook gaan doen wat God sê. Ons moet die lig gebruik wat God vir ons gee. Dan sal ons nie op afdraai-paadjies en in slaggate beland nie, maar op die regte pad bly. Leef in die lig van die Woord!

Dominee Banie van der Walt

"U woord is 'n lamp
vir my voet en 'n lig
vir my pad."
(Afrikaanse Vertaling
1953)
Psalm 119:105

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na: redakteur.onskontrei1@gmail.com en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie. Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

VLV begin jaar met proeseltjie kultuur

Graafwater VLV begin 2026 met so 'n proeseltjie van die Suid-Afrikaanse kos kultuur en deel jaar-kentekens uit tydens hulle "Opvoeding en Kultuur" vergadering. Op Dinsdag, 20 Januarie, tydens ons Opvoeding en Kultuur vergadering vertel Marina Visser ons waar van ons bekendste Suid-Afrikaanse gunsteling vandaan kom.

Is Melkert regtig so Suid-Afrikaans as wat ons dink? Die Romeine was reeds 2000 jaar terug lief vir soet- of sout eivla. Nonne het met amandelmelk amandelpap gemaak. Dit het later eivla-pap geraak. Broskors of skilferkorsdeeg is as kors gebruik en suiker is bo-oor gesprinkel. Die Nederlanders het 'n soort kaaskoek wat "Mattentaart" genoem word. Hulle het dié resep aangepas deur bestanddele te gebruik wat in Suid-Afrika beskikbaar was. So het melkert ontstaan. Tradisionele Suid-Afrikaanse melkert het 'n skilferkorsdeeg en die tradisionele geurmiddels is amandel, nartjieskil, kaneel of perskeblare.

Wat het Hertzoggies, Smutsies en Tweegevrietjies in gemeen? Hertzoggies is vernoem na generaal JBM Hertzog. Sy direkte opponent was generaal JC Smuts. Die vroue wat vir Smuts ondersteun het, het koekies gebak wat Smutsies genoem was. Smutsies word ook met appelkooskonfyt gevul, maar kry 'n deeg bo-lagie. Daar word vertel dat Moesliemvroue van

die Bo-Kaap vir Generaal Hertzog, hertzogkoekies gegee het en hy belooft hulle sal mag stem. Hy het nie by sy belofte gehou nie. Die vroue het toe die koekie verander. Hulle het een helfte met appelkooskonfyt gevul en die ander helfte met klappermeringue. Een deel is met ligpienk versiersuiker bedek en die ander helfte is bruin gemaak. Dit word toe tweegevrietjies genoem, of soos wat hulle in die Bo-Kaap sê tweegevrietjies.

Bobotie verteenwoordig Suid-Afrika. 'n Moontlike herkoms van bobotie is dat dit van die VOC kolonies in Batavia af kom en afgelei is van die Indonesiese Botok/ Bobotok. Die resep is aangepas deur die Kaapse Maleise gemeenskap. Oorspronklike resepte het gemmer en suurlemoenskil bevat. Bobotie is in 1951 opgeneem as 'n verteenwoordigende Suid-Afrikaanse gereg in 'n internasionale resepteboek wat deur die Verenigde Nasies gepubliseer is. Die dames het ook nog gehoor waar chakalaka en biltong vandaan kom.

Hul kon by 'n tafel aansit met outydse melkert, Hertzog-blokkies ('n vierkantige weergawe van die ronde Hertzoggies), bobotie-pakkies (bobotie in filodeeg) en biltong. Daar het ons 'n speletjie gespeel om verskillende geregte by hulle land van oorsprong en bestanddele te pas. Op die tafel was outydse kombuisware asook groente en vrugte as deel van die "tuin tot

tafel" projek.

Sewe van die lede het jaar-kentekens ontvang. Mariette van de Weide, Martie du Plessis en Annalize O'Neil almal vir 5 jaar, Wilma van Dyk vir 10 jaar en Magda Kotze vir 15 jaar. Dit is ook vir Graafwater VLV 'n groot voorreg om te deel dat Maritha de Klerk en Hester Maas, onderskeidelik al vir 40 en 50 jaar, deel van hul VLV familie is.

Gaste is welkom om vergaderings by te woon. Inligting sal op hul Facebook, Graafwater VLV gedeel word.

- Marina Visser

Inwoners word vermaak

Cor Uys en Reyno Wepner het Vredendal Tehuis vir Bejaardes besoek met hul optrede met Oompie wat deur Wepner gespeel word. Soos soms gebeur hier by ons, het Oompie bietjie deurmekaar geraak met Vredendal en Vredenburg. Daar is tog seker by elke dorp vrede, sê hy. Na groot gesukkel het Uys hom weer op sy plek gekry, waar hy dadelik katjie van die baan was, met laggies en grappies vir almal. Uys vertel dat hul gewoonlik optree in Adante musiekprogram oor Radio Namakwaland en by skole. Hulle het ook groot Eisteddfods in Afrikaanse musiek bygewoon. Uys het intussen Ou Ryperd in sy pragtige stem gesing.

Oompie sing ook die refrein saam met hom. Dié twee met hul mooi stemme kon maklik van sang 'n loopbaan gemaak het. Liedjies soos Jan Pierewiet is ook gesing. Dié keer, nogal in 'n walsmaat gesing. Suikerbossie, sy kan nie kosmaak nie, haar kos is rou, sy kan nie tee maak nie, haar tee is flou. Sarie Marais se geskiedenis word ook vertel. Magaliesberg se boere-kryger wonder tydens die Anglo Boere-oorlog of hy sy 16-jarige Sarie ooit weer sal sien.

Uys sluit die genoeëlike konsert af met danksegging aan die Hemelse Vader vir die geskenk van lewensvreugde uit Sy hand. Dankie vir mooi aand en ook vir die lewensvreugde uit die hand van die Here.

Julene Stephan



Die dames van Graafwater VLV.

Foto: Verskaf.

INDEKS

Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKking
10. VERLORE / VERMIS
11. ALGEMEEN
12. BOTE / DIUK-TOERUSTING
13. LEWENDEHAWE
14. TROETELDIERE
15. GESOEK / BENODIG
16. MEUBELS
17. MUSIEK-INSTRUMENTE
18. RADIO / TV / VIDEO
19. TUINBOU DIENSTE
20. JUWELIERSWARE
21. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
22. SPORTTOERUSTING
23. VAKANSIE
24. REKENAARS
25. KANTOOR-TOERUSTING
26. BOUMATERIAAL
27. BOUWERK / VERVOER
28. VERVOER
29. AKKOMMODASIE
30. TE HUUR
31. SEKURITEIT / WAPENS
32. FIETSE
33. MASJINERIE/IMPLEMENTE
34. ONDERDELE / ENJINS
35. MOTORHERSTELWERK
36. SLEEPWAENS
37. MOTORFIETSE
38. WOONWAENS
39. VOERTUIG
40. EIENDOM
41. BETREKKINGS
42. BLINDINGS
43. ELEKTRIESE-WARE
44. GRASSNYERS
45. TE KOOP
46. TE RUIL

29 AKKOMMODASIE

